Kompas
Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe Jaargang 10 / no. 10 Oktober 2001

NAÏEF...

In 'n onlangse uitgawe van *Waarheid en Dwaling* word gereformeerde lidmate, bedienaars van die Woord, ouderlinge en teologiese professore verwyt dat hulle naïef is. Ds ALA Buys meen dat daar sprake is van 'n tipe "gereformeerde vertraagdheid" as dit kom by die uitleef van die belydenis. Hy stel onomwonde die vraag of gereformeerdes die verbondsverpligting nl. om hulle kinders "in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig", aanvaar het of nie.

Elkeen wat die verwikkelinge in die onderwys dophou en ontken dat die staat se nuwe onderwyswetgewing, die onderwys onherkenbaar en ingrypend verander het, is werklik naïef en is nie bereid om die waarheid onder oë te sien nie. So wek die minister van nasionale onderwys, prof Kadar Asmal se beleid van multi-religieuse onderwys op die skole baie kommer - 'n gesofistikeerde manier om die Bybel uit die skole te kry.

Realiteit is dat ons in tye van verandering en transformasie leef. Wêreldwyd wil die mens hom loswoel van die ankers van die verlede. Die lewe word deur die tegnologie en die skepping van die mens beheers en geïndividualiseer. Die tydsgees, die moraal en waardesisteem, die lewens- en wêreldbeskouing wat hedendaags verkondig word, lei weg van die ware God. Die geweldige invloed van humanisme, die New Age beweging, en Postmodernisme getuig hiervan.

Die staat beskerm nie meer die Christelike godsdiens of lewens – en wêreldbeskouing nie. In die nuwe RSA word ons geïndividualiseerde lewe beskerm deur die Akte van Menseregte, wat die basis van die nuwe Grondwet is. Ook opvoedkundige beginsels ondervind die impak daarvan. So word individualistiese selfverwesenliking vandag in die opvoeding van kinders nagestreef. In skoolleerplanne kom dit voor dat die kind hom of haar moet toespits op *self*agting, *self*ontplooiing, *self*verwesenliking ensovoorts. Dit klink alles baie lofwaardig, maar dit is gegrond op die geloof dat ons as mense die meesters van ons eie bestemming is.

Christelike onderwys moet daarenteen gewortel wees in die roeping om verbondskinders as diensknegte van God op te voed.Ons kinders moet hulle selfverwesenliking daarin vind dat hulle tot volwasse gelowiges opgelei word wat hulle roeping in kerk, gesin en samelewing kan uitleef. Volwasse gelowiges wat gaandeweg al hoe meer oor die insig beskik om tussen goed en kwaad te onderskei. Slegs so kom en bly 'n mens by die waarheid.

Laat ons waak teen naïwiteit, en mag dit vir elke opvoeder in ons huidige bedeling 'n uitdaging bly om in afhanklikheid van ons Vader kinders te onderrig in die vrese van die Here en hulle so toe te rus vir hulle lewenstaak .

M de Vries

In Hierdie Uitgawe

Tema: Onderwys

. Drie Gereformeerde Laerskole 4

. Teologiese skool 6

. Mukhanyo Plus Program 7

. Prof Kader Asmal en die onderwys 8

. Die vrees van die Here 2

. Die wegraping 10

. Tekens van die tye 12

. Boeke 13

. Godsdiens op kommando. 14

. Persskou 16

. Onderhoud Ds Retief . . . 17

. Boekbespreking. 20

DIE VREES VAN DIE HERE

Mendel Retief

DIE BYBEL OOP

*"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE**,** en kennis van die Heilige is verstand" – Spr. 9:10.*

Die vrees van die Here is die mees elementêre van ware godsdiens. Dit is egter juis hierdie elementêre waarheid wat vandag deur baie vergete is. Ons sien hoe die Here geminag word, juis daar waar mense besig is met aanbidding. Ons sien hoe Hy geminag word in die wyse waarop mense sy Woord hanteer. Maar ons sien ook die minagting van die Here in die alledaagse lewe van soveel wat hulself Christen noem. Daarom wil ons graag weer opnuut besin wat dit beteken om die HERE te vrees en die Heilige te ken.

WAT BETEKEN DIT OM DIE HERE TE VREES?

Die Hebreeuse woord wat ons met ***"vrees"*** vertaal, kom voor in sinne soos:

"…ek is **bang** vir hom, dat hy sal kom en my doodslaan…" – Gen. 32:11

"…Adónia is **bevrees** vir koning Salomo…" – 1 Kon. 1:51

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Victoria Drukkery
Tel. (012) 331-3750

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos adres: kompas.red@mail.com

Nederland: Mev. T Huisman
Wintersstraat 7
8331 DN Steenwijk
Tel. (0521) 517 771

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:
Suid-Afrika: R60 per jaar
Nederland: R70 of ƒ30 (seepos)
Lugpos op aanvraag

"Toe is die stamhoofde van Edom verskrik, bewing het die magtiges van Moab aangegryp. Al die inwoners van Kanaän het gebewe. Verskrikking en **vrees** het op hulle geval" – Eks. 15:15,16

Dieselfde Hebreeuse woord wat met ***vrees*** vertaal word (of met woorde soos ***bang***, ***bevrees***, ens.), word ook gebruik waar die Skrif praat oor die ***vrees*** van die HERE.

Net so word die Griekse woord wat ons met ***"vrees"*** vertaal, gebruik in sinne soos:

"Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van **vrees**" – Matt.14:26

"…sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. En uit **vrees** vir Hom het die wagte gebewe en soos dooies geword" – Matt. 28:3,4

"…en mense se harte beswyk van vrees…" – Luk. 21:26

"Moenie **vrees** vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar **vrees** Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel" – Matt. 28:28

Nou is dit weereens in die Grieks hierdie woord wat gebruik word vir die ***"vrees"*** van die Here.

Dit sou verkeerd wees om *"die vrees van die HERE"* te vertaal met *"die dien van die Here"* soos in die '83-vertaling van die Bybel gebeur het. Want iemand wat God nie vrees nie, kan steeds dink dat hy die Here dien. Die vrees vir die HERE gaan nie oor diens as sodanig nie, maar oor die **wyse** waarop Hy gedien moet word. Hy wil hê dat ons sy grootheid, gedugtheid en vreeslikheid moet ken, sodat ons vervul sal wees met 'n heilige ontsag en met die hoogste eerbied vir sy Naam. Hy wil waarlik hê dat ons sy Naam moet vrees.

Dit beteken nie dat ons uit angs vir God van Hom moet wegvlug nie, maar juis dat ons met vrees en bewing sy aangesig sal soek. Selfs wanneer ons sy lof besing, is dit nooit sonder die vrees van sy Naam nie. Ook wanneer ons bly is in die Here, is ons bly met vrees. Soos Ps. 2:11 ook sê: "Dien die HERE met vrees, en **juig met bewing**". Juis wanneer ons Hom liefhet sal ons sy grootheid in gedagte hou.

In beide Ou– en Nuwe Testament word die vrees van die HERE met groot nadruk beklemtoon. Wie Hom nie vrees nie, kan Hom nie dien nie. Die God van die Nuwe Testament is dieselfde gedugte God wat Homself by Sinaï geopenbaar het in donder, weerlig en in 'n verterende vuur. Hy het nie verander nie. Die vrees vir sy heilige Naam bly dieselfde tot in ewigheid.

Maar die mens wil Hom graag anders sien. In ons eie dag wil die mens 'n gemaklike god hê. Onder die jonger geslag wil baie hul god sien met poniestert en oorbel. Dit moet 'n god wees wat hou van "gospel" en van "cool" eredienste. Of God word voorgestel as 'n god wat net liefde is en daarom geen mens in die hel sal werp nie. Onder klein kindertjies word weer 'n Liewe-Jesus beeld geskep van God. En daar is nog talle ander populêre godsbeelde wat die mens vir homself maak.

Die Skrif leer ons egter dat dit ons hoogste wysheid is om die Here te vrees. Wie Hom nie vrees nie, is sonder verstand. Al sou iemand baie kennis hê, en al sou hy ywerig baie dinge doen in die Naam van die Here, en al sou hy bo ander uitstyg in alles wat hy doen, is hy sonder die vrees van die Here maar net 'n hoogmoedige dwaas. Ware wysheid word net gevind by mense wat die vrees van die Here ken.

Die vrees van die Here bepaal alles wat ons doen; ook die manier van doen. Wie die Here vrees, vlug vir die sonde – nee, vlug **met bewing** vir die sonde! Soos die gelowige Dawid sê in Ps. 119:120: "My vlees sidder van skrik vir U, en ek vrees vir u oordele". Ja, die vrees van die Here bepaal wat ons doen, maar ook hóé ons dit doen. Hy vra dat ons Hom dien met eerbied en vrees, want Hy is 'n verterende vuur (Hebr. 12:28,29).

Wie die Here vrees, is nederig en ken sy eie nietigheid. Daarom bepaal die vrees van die Here ook ons ootmoedige omgang met mekaar, soos Ef. 5:20 sê dat ons aan mekaar onderdanig moet wees in die vrees van die Here. Ons gehoorsaamheid aan albei tafels van die wet word dus bepaal deur die vrees van die Here.

WAT BETEKEN DIT OM DIE HEILIGE TE KEN?

Weens die lengte van hierdie artikel kan ons nie ingaan op die betekenis van God se heiligheid nie. Ons kan net kortliks noem dat sy heiligheid wys op sy sondelose volmaaktheid, sy geregtigheid, sy verterende toorn teen die sonde, en sy goddelike heerlikheid. Om Hom so te ken lei tot die vrees van sy Naam.

Om Hom te ken, is meer as die blote ken van feite. Kennis van God wys op intieme omgang met God. Iemand wat nie in die vrees van die Here wandel nie, ken die Here nie;al sou hy hoeveel inligting oor die Here nagelees het.

Ons teks sê:

"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand".

In hierdie vers word ***wysheid*** en ***verstand*** as sinonieme gebruik, terwyl ***die vrees van die Here*** nader bepaal word deur ***kennis van die Heilige***. Wanneer ons die Here ken as die Heilige God, sal ons nie anders kan as om Hom te vrees nie. Net soos wysheid en verstand saamgaan, gaan die vrees van die Here saam met kennis van sy heiligheid.

Dit is insiggewend om in hierdie verband Job 28:28 te vergelyk. Daar staan:

"Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand".

Wysheid en verstand word weer saam genoem as sinonieme, terwyl die vrees van die Here dié keer nader bepaal word deur 'n heilige lewenswandel. Dit sê egter dieselfde as Spr. 9:10, want kennis van die Heilige en 'n heilige lewenswandel is deel van dieselfde pakket. Wie Hom ken as die Heilige, leef heilig. Dit is wysheid. Wie heilig leef, het waarlik verstand. Maar wie sondig, is 'n dwaas.

Net soos in Spr. 9:10 word die vrees van die Here verbind aan heiligheid. Dit is geen uitsondering nie. Die vrees van die Here staan telkens in verband met heiligheid. Daarom sê Ps. 19:10: "Die vrees van die Here is rein".

Net soos wysheid en verstand een is, is die vrees van die Here verbind aan die kennis van sy heiligheid.

SAMEVATTEND

Die vrees van die Here is die verstand om heilig te leef. Wie in die vrees van die Here heilig leef, het die hoogste wysheid en verstand gevind. Sonder die vrees van die Here is al die mens se kennis en verstand egter niks anders as dwaasheid nie.

Wanneer die mens so verwaand is dat Hy God nie vrees nie, is ook al sy godsdiens afgodery – al dien hy sy eie beeld van God met hoeveel ywer!

Daarom is dit nodig dat ons die Here so sal ken soos Hy Homself aan ons geopenbaar het, as die grote, gedugte en heilige God. Laat ons Hom dan ook in opregtheid vrees en dien met heilige eerbied.

KERKREFORMASIE – TERUG NA DIE SKRIF!

U word hartlik uitgenooi na hierdie konferensie. Ons wil ook vra dat u asseblief vriende en kennisse, veral verontrustes, sal uitnooi om dit by te woon.

Datum: Saterdag, 27 Oktober 2001
Tyd: 9:00 – 12:00
Plek: Kerksaal van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria, h/v 28ste Laan en Louis Trichartstr., Rietfontein, Pretoria
Kostes: Gratis

Program:

8:30 – Registrasie en koffiedrink
9:00 – **Wat beteken dit om gereformeerd te wees?**
Spreker: Ds. P Nel
9:30 – Vraetyd en bespreking

9:50 – **Is die Bybel nog God se Woord?**
Spreker: Ds. JR Visser
10:20 – Vraetyd en bespreking

10:40 – Koffiedrink en saamkuier

11:00 – **Hoe regeer Christus sy kerk?**
Spreker: Ds. H Hefer
11:30 – Vraetyd en bespreking
11:50 – Afsluiting

Navrae: Mendel Retief (082 940 8811)

DRIE GEREFORMEERDE LAERSKOLE

Karina IJlst

TEMA: ONDERWYS

Skoolonderwys vorm ’n groot deel van ’n kind se opvoeding. Elke kind bring ’n hele paar jaar op die skoolbanke deur. Daarom is dit ook nie snaaks dat ouers baie aandag gee aan die soort onderwys wat hul kinders kry nie. In hierdie artikel wil ons ’n kykie neem na die ontstaan en voortbestaan van drie gereformeerde skole. Al drie skole is deur ouers geïnisieer, omdat hulle gevoel het dat hulle kinders deeglik in die weg van die Here onderrig moet word, nie net by die huis nie, maar ook in hulle akademiese opleiding.

GEREFORMEERDE LAERSKOOL JOHANNES CALVYN

Reeds in 1956 het ’n groep ouers van die Vrye Gereformeerde Kerk in Pretoria besluit om ’n Saterdagskool op te rig. Dit was egter nie vir die ouers genoeg nie. Die oprigting van ’n Vereniging vir Gereformeerde Onderwys het die planne vir ’n eie skool ’n hupstootjie gegee. In 1961 is die eerste planne gemaak en in 1964 het die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn sy ontstaan gekry. Die skool het begin met 37 leerlinge. ’n Nederlandse onderwyser, mnr R Buenk, is as hoof aangestel.

Tydens die eerste jaar het die skool nog nie sy eie gebou gehad nie, en is daar van kerkgeboue gebruik gemaak. Daar is egter dadelik begin met die oprigting van ’n eie gebou en op 18 Januarie 1965 is die skoolgebou amptelik in gebruik geneem. Die aantal leerlinge het oor die jare stadig maar seker toegeneem en die gebou in 14de laan het nie meer voldoen aan die eise nie. Ander oplossings is gesoek. Uiteindelik is daar begin om ’n gebou langs die Vrye Gereformeerde Kerk – Pretoria te bou.

Hierdie nuwe skoolgebou is in 1985 in gebruik geneem. Die gebou het agt klaskamers, asook ’n aparte kleuterskool. Sedert 1998 is daar ook ’n rekenaarsentrum waar die leerlinge toegang het tot ’n groot verskeidenheid programme. Die speelgrond voel soms oorvol in die pouses, maar voldoen nog steeds aan die vereistes.

Die skool het op hierdie stadium 6 voltydse personeellede en twee deeltydse onderwyseresse. Mej H. Bron is die waarnemende hoof totdat mnr Erik vd Linden volgende jaar die leisels by haar sal oorneem. Daar is tans 114 kinders van graad 0 tot graad 7 in die skool. Hiervan is tien leerlinge se ouers nie lid van die Vrye Gereformeerde Kerke nie.

Deur die jare heen was die finansies en die beskikbaarheid van onderwysers soms ’n kopseer. Tog het die Here altyd weer voorsien in die behoeftes. Daar kan daarom ook vol vertroue na die toekoms gekyk word.

Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn
Posbus 31314
Totiusdal
0134
Tel: (012) 331 0218
Skoolhoof (waarnemend): Mej H. Bron

Kinders van die Geref. Laerskool Johannes Calvyn

GEREFORMEERDE LAERSKOOL BELLVILLE

Langs die Vrye Gereformeerde Kerk in Kaapstad staan ’n paar netjiese geboue. Ook hier het die ouers die inisiatief geneem om hulle kinders by ’n gereformeerde skool te laat onderrig. Op 13 Junie 1955 is die Vereniging vir Gereformeerde Skoolonderwys opgerig. Dit was nog nie moontlik om dagonderwys te gee nie, maar daar is baie aandag gegee aan die Saterdagskool. Hier het die kinders Bybelonderrig en Kerkgeskiedenis geleer.

Eers in 1976 was daar ’n moontlikheid om ’n dagskool te begin. Daar is ’n skoolgebou gekoop en op 19 Januarie 1977 is die eerste leerlinge toegelaat. Vier en twintig leerlinge van graad 1 tot graad 4 het onder leiding van twee onderwysers die jaar begin. Enkele jare later kon ’n derde onderwyser aangestel word, sodat die kinders van graad 1 tot graad 7 onderrig kon word. Die skool het aanhou gegroei en vandag is daar 60 leerlinge. Ongeveer 75% van die leerlinge is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk.

Die skoolgebou bestaan uit vier klaskamers, ’n mediasentrum, ’n rekenaarsentrum met 8 rekenaars,

Gereformeerde Laerskool Bellville
Posbus 4203
Old Oak
7537
Tel: (021) 919 7816
Skoolhoof: Mnr JR vd Dolder

houtwerkkamer, kombuis en ’n saal. Tydens die pouses en ook vir sport word gebruik gemaak van’n sportveld.

Daar is drie voltydse onderwysers en een tydelike leerkrag. Daar word gekyk na die moontlikheid om ’n vierde leerkrag voltyds aan te stel. Die ouers is baie betrokke by die skool en sit ook hand by om dinge glad te laat verloop.

Volgens die skoolhoof, mnr Jan van den Dolder, lyk die toekoms vir die skool belowend. Die leerlingaantal groei en hulle hoop om oor twee jaar meer as sewentig leerlinge te akkommodeer. Vir byna vyf-en-

Gereformeerde Laerskool Bellville

twintig jaar het die Here die skool geseën en hulle bid en vertrou dat Hy dit ook in die volgende jare sal doen.

LESEDI LA DITšHABA CHRISTIAN SCHOOL
Ook in die sendinggemeente in Soshanguve het daar by die ouers ’n behoefte ontstaan om aan hulle kinders gereformeerde onderwys te gee. In 1999 het ’n groep ouers bymekaar gekom en die vraag aan ds AJ de Visser gevra of daar nie ’n moontlikheid is om ’n Christelike skool te begin nie. In die gebied in Soshanguve is daar geen Christelike skole nie. Vanuit die groep ouers is daar toe ’n bestuur gekies wat die planne vir die skool ondersoek het. Vanaf Julie 1999 het mev Inge de Visser by die bestuur betrokke geraak.

Op 16 Januarie 2000 het die skool met twintig leerlinge begin. Die skool is gehou in die kerkgebou en in ’n paar dubbel-containers. Die probleme het egter nie lank weg gebly nie. In April 2000 moes die skool sy deure sluit, omdat die Departement van Onderwys nie die registrasie wou deurvoer nie. Slegs die Graad 0-klas gaan nog voort in Soshanguve. Die Graad 1 en 2-klasse word van die tyd af elke dag per taxi na die Laerskool Johannes Calvyn gebring. Hier het hulle hul eie klaskamers in ’n paar ‘wendyhuisies’.

Op hierdie oomblik is daar dertig kinders in hierdie skool. Agt van hierdie kinders se ouers is nie lid van die Free Reformed Church nie, maar kom wel uit Christelike gesinne. Daar is drie voltydse onderwyseresse in diens en een persoon wat deeltyds werk om die administrasie te doen. Mev Inge de Visser tree op as waarnemende hoof.

Lesedi la Ditšhaba Chr. School
Block GG 1343, Soshanguve
Kontakpersoon: Mnr T de Wit
Tel: (012) 335 6038
Skoolhoof(waarnemend):
Mev EA de Visser
Tel: (012) 332 1028

Alhoewel die kinders hoofsaaklik uit die sendinggemeentes kom is dit nie ’n sendingprojek nie. Die skool funksioneer selfstandig en moet vir sy eie finansies sorg. Daar is wel steun van De Verre Naasten in Nederland wat onderwys in ontwikkelingslande steun. Verder is daar baie steun uit die gemeentes in Pretoria, onder andere deur die maak van skooluniforms en bydraes aan die ouers wat nie die volle skoolgeld kan betaal nie.

Die toekoms vir hierdie skool lyk nog onseker. Die ouers wil die kinders ’n Christelike opleiding gee en sou verkies dat dit in Soshanguve plaasvind. Die probleem is egter dat die registrasie van die skool baie teenkanting van die Onderwysdepartement ontvang. Aan die ander kant het die mense in die omgewing van die kerk en skool aangedui dat hulle ten gunste daarvan is dat daar ’n Christelike skool in hulle gebied opgerig word. Daar is dus hoop dat die kinders eendag in hulle eie gebied kan skoolgaan.

Kinders van die Lesedi-skool op die skoolgronde in Soshanguve.

“DIE OPENING VAN U WOORDE GEE LIG”

ds Rob Visser

TEMA: ONDERWYS

Nadat die Sinode in 1997 besluit het dat met ’n eie Teologiese Skool begin moet word en die vyf dosente benoem is, het ons as dosente in Hermanus saamgekom. Ons het daar toe begin met ons gesamentlike voorbereiding op die groot taak wat op ons skouers gelê is. Die eerste amptelike vergadering van die dosente het met Skriflesing en gebed begin. Daar is toe ’n gedeelte van Psalm 119 gelees. Toe het ons ook vers 130 gelees: “Die opening van U woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig”. Dit het toe op ons so ’n indruk gemaak dat ons aan die kuratore voorgestel het om die eerste deel van hierdie teks tot die sinspreuk van die Teologiese Skool te maak. Dit het ook gebeur.

Die Sinode van Kaapstad 1996 het na aanleiding van ’n rapport oor Teologiese opleiding die volgende besluit geneem: “wanneer dit enigsins moontlik is, dit ons roeping is om ’n eie teologiese opleiding in Suid-Afrika te begin. Die sinode gee aan die deputaatskap die volgende opdrag:

1. Om vanuit hierdie positiewe benadering te ondersoek of ’n verantwoorde eie teologiese opleiding moontlik is. Wanneer dit moontlik is moet deputate met ’n voorstel kom hoe hierdie opleiding kan funksioneer.
2. Om te ondersoek of op ’n verantwoorde manier van die opleiding van die GKSA te Potchefstroom gebruik gemaak kan word. Wanneer opdrag 1 moontlik is, sal hieroor konkrete voorstelle gemaak word, en onmiddellik ’n begin gemaak word met alle nodige voorbereiding.

Die opening van U woorde gee Lig Psalm 119:130a

Die deputate moet binne een jaar rapporteer. In geval van ’n positiewe voorstel sal die sameroepende kerk die ander kerke byeen roep om hieroor ’n besluit te neem.”

Die deputate het met ’n positiewe voorstel vir die oprigting van ’n eie Teologiese Skool gekom. ’n Baie belangrike oorweging hierby was dat daar enkele jong broeders was wat hulle roeping voel om leraar te word. As ons hulle na Kampen of Hamilton stuur was die kans groot dat hulle nie meer terugkom nie. Ons het gevoel dat die HERE vir ons gawes gegee het wat ons ook moet gebruik vir die roeping wat ons in ons eie land het.

Daar was ’n uitgewerkte plan op die ad hoc-Sinode van Pretoria 1997. 4 Julie 1997 neem hierdie Sinode die besluit om met ’n eie Teologiese Skool te begin en benoem vyf dosente. Benoem is:
Dr JA Breytenbach: Kerkgeskiedenis en Kerkreg
Ds CF Heiberg: Amptelike Vakke
Ds P Nel: Nuwe Testament
Ds E Viljoen: Dogmatiek en Simboliek
Ds JR Visser: Ou Testament
Na die vertrek van ds Heiberg het ds C Kleijn die klasse Homiletiek begin aanbied.

Die eerste jare

Ons is nou met die vierde jaar van die Teologiese Skool besig. Dit beteken dat die hele kurrikulum nou deurgewerk is. Dit is die HERE se krag wat ons sover gebring het en die dosente wat ook nog hulle gemeente het die krag gegee het om dit te kan doen. Ons is ook baie bly met die positiewe reaksies wat oor die onderwys gekom het van broers wat by ander Teologiese skole gestudeer het of klas gee. Die volledige kurrikulum is nou ook beskryf en ons hoop dat dit aan die einde van hierdie jaar ook vir almal beskikbaar sal wees.

Ons hoop ook dat aan die einde van hierdie jaar of die begin van die volgende jaar ons eerste student, Jopie van der Linde sal afstudeer en deur die Sinode beroepbaar gestel gaan word.

Ons wens

Ons werk as dosente vanuit die diepe eerbied vir die HERE en sy Woord. Ons wil niks anders doen as om ons studente te leer om die rykdom van God se Woord raak te sien en hulle al hoe dieper daarin te lei. Ons hoop om so jongmanne te mag oplei wat in ons land Christus se evangelie ryk verkondig. Ons hoop dat die studente wat aan ons Teologiese Skool studeer eendag die leiding van God se Woord vir mense in ons land mag gee. Ons hoop dat ons en hulle eenvoudig mag bly. Eenvoudig deur nie eie idees of teologieë te volg nie maar net dit wat die HERE in sy Woord vir ons sê. Dan is ons saam leerlinge van Christus. Dan mag die Teologiese Skool daaraan saamwerk dat eenvoudiges ook regtig verstandiges is.

Die Mukhanyo Plus Program

Dr AJ de Visser

TEMA: ONDERWYS

In enige sendingprojek is die opleiding van inheemse medewerkers 'n prioriteit. Dit is egter makliker om dit te sê as om dit te doen! Wat is die beste vorm van teologiese opleiding vir studente wat afkomstig is uit 'n sending-agtergrond? Die sending van die VGK Pretoria-Maranata het die sogenaamde Mukhanyo Plus Program ontwikkel. In hierdie artikel verduidelik ons wat dit behels.

Die sendingprojek van die VGK Pretoria-Maranata is die afgelope jare ryklik geseën deurdat die Here jong studente gegee het wat die roeping voel om hulle te bekwaam vir die amp van predikant. Op die oomblik is daar – prys die Here! – nie minder nie as ses swart studente wat teologiese opleiding ontvang.

'n Mens leer deur foute wat jy maak: Sowat tien jaar gelede het ons 'n jong man in Mamelodi gehad wat predikant wou word. Hy is na die Teologiese Skool in Hammanskraal gestuur (die 'swart' opleiding van die Gereformeerde Kerke). Toe Hammanskraal gesluit is, het hy saam met die studente na Potchefstroom getrek. Om verskillende redes het sy opleiding op 'n mislukking uitgeloop. Een van die oorsake was sonder twyfel die feit dat die student voltyds in 'n akademiese omgewing was waardeur hy die kontak met sy tuisgemeente verloor het.

Toe 'n volgende student hom in 1997 aanmeld, het ons dus gekyk na 'n tipe opleiding wat vir ons 'n kombinasie sou bied van die formele en informele, aspekte van opleiding. Met die formele aspek bedoel ons dat die student klasloop in 'n akademiese omgewing. Met die informele aspek bedoel ons dat die student ondervinding opdoen deur in die praktyk saam te werk met die sendelinge. Hierdie persoonlike kontak is ook baie belangrik vir die spirituele ontwikkeling van die student.

Die ideale oplossing was om in te skakel by die Mukhanyo Teologiese Kollege (MTK) in KwaNdebele. Dit was 'n nuut opgerigte skool onder die bekwame leierskap van dr Flip Buys waar dosente van verskillende gereformeerde tipe kerke klasgegee het. Die inisiatief vir die skool het gekom van die sendelinge van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland. Nadat die samewerking tydens 'n sendingvisitasie in 1999 geëvalueer is, is besluit om ten minste vir die volgende vyf jaar saam te werk met MTK.

In die praktyk beteken dit dat die sendelinge van 'Pretoria-Maranata' as deeltydse dosente betrokke is by MTK, dat die studente uit die sendinggemeentes daar klasloop, en dat 'Pretoria-Maranata' twee verteenwoordigers het op die beheerraad van MTK.

Van die begin af was dit egter ook duidelik dat Mukhanyo se opleidingsprogram nie in al ons behoeftes voorsien nie, juis omdat dit 'n opleiding is wat ook voorsiening wil maak vir die behoeftes van niegereformeerde studente. Vakke soos gereformeerde simboliek (belydenisskrifte), gereformeerde kerkreg en gereformeerde kerkgeskiedenis word nie – of nie voldoende – aangebied nie. Derhalwe is besluit om 'n addisionele program op te stel wat hierdie leemtes aanspreek en wat ons studente voorberei om die kerklike eksamens te kan aflê. Hierdie addisionele opleiding word die 'Mukhanyo Plus Program' (MPP) genoem.

Die belangrikste onderdeel van die program is 'n ekstra jaar teologiese opleiding wat aangebied word nadat die student sy studies by die Mukhanyo Kollege voltooi het. Die student kry vir die verskillende vakke 'n dosent – gewoonlik predikante en sendelinge van die Vrye Geref. Kerke – by wie hy gereeld gaan kuier om lesse te kry, opdragte te ontvang, dit later weer te bespreek, ensovoort. So het dr JW Meijer vir die studente ekstra klasse in gereformeerde kerkgeskiedenis aangebied, en help ds J Bosman die studente om meer tuis te raak in die gereformeerde belydenisskrifte.

Verder word daar ook gereeld seminare aangebied waar al die studente saamkom om te luister na die lesse van 'n gasdosent. In Julie is daar 'n seminaar aangebied deur ds D de Jong van Nederland, en in September word daar 'n seminaar beplan waar dr JA Breytenbach sal klasgee oor onderwerpe uit die gereformeerde kerkorde.

In hoeverre die Mukhanyo Plus Program daarin slaag om sy doelstellings te bereik, is iets wat toenemend duidelik sal word namate die eerste studente die opleiding voltooi het. Deeglike evaluering sal gedoen moet word en aan-passings sal sonder twyfel nodig wees.

'n Ander belangrike vraag is natuurlik wat ons moet maak met die situasie dat daar tans nie net 'n opleidingsprogram vir die swart studente van die VGKSA is nie, maar ook 'n teologiese opleiding vir die blanke studente. Hierdie saak geniet tans aandag, onder andere die aandag van deputate wat deur die sinode van die kerke vir die doel aangestel is.

Deelnemers aan 'n onlangse seminaar van die Mukhanyo-Plus Program met die gasdosent, ds. David de Jong van Nederland, in die middel.

PROF KADER ASMAL EN DIE ONDERWYS

Prof H de Jager

TEMA: ONDERWYS

Alles in Suid-Afrika staan in die teken van verandering. In sy voorwoord tot die National Plan for Higher Education (2001) beskryf prof Asmal dit soos volg: "The victory over the apartheid State in 1994 set policy makers in all spheres of public life the mammoth task of overhauling the social, political, economic and cultural institutions of South Africa to bring them in line with the imperatives of a new democratic order."

Waar die apartheidstydperk gekenmerk was deur 'n klassifikasie-ideologie, word die na-apartheidstydperk (na 1994) in Suid-Afrika gekenmerk deur 'n absolute gelykheid tussen alle mense en godsdienste. Ons het hier te make met twee uiterste pole wat haaks op mekaar staan.

Ideologieë word die duidelikste gemanifesteer in die onderwysstelsel van 'n land. Sterk ideologiegedrewe owerhede het 'n drang om hulle ideologie in die onderwys te verwesenlik en so die jeug, wat die toekoms van 'n land is, vir die ideologie te wen.

As ons na ons eie situasie in Suid-Afrika kyk, is dit duidelik dat die owerheid in die apartheidsera die onderwysstelsel gebruik het om nasionalisme en die apartheidsideologie te bevorder: Skole en onderwysdepartemente was streng geskei op grond van kleur en ras, die beginsel van privaat- of ouerskole is teengestaan, tersiêre instellings was geskei op grond van etnisiteit. Die nasionale het gedomineer oor die Christelike. Daar moet egter onmiddellik bygevoeg word dat talle onderwysers en onderwyseresse in dié tyd met oorgawe Christelike beginsels in die skole bevorder het.

Die ywer van prof Asmal, die minister van onderwys, om die onderwys te verander na die ideologie van absolute gelykheid is daarom te verstane en ons sou naïef wees om te meen dat dit maar sy persoonlike stokperdjie is. In kort kom dit daarop neer dat die onderwys dienstig moet wees om die beginsel van absolute gelykheid te bereik.

Wanneer die term gelykheid (equity) in dokumente van die regering gebruik word, beteken dit dat instansies in alle fasette die demografie van die bevolking moet weerspieël. Ons sien hier die teenoorgestelde van die voor-1994-regering, wat van instansies verwag het om per bevolkingsgroep (kleur) saamgestel te wees.Transformasie beteken dus om van die skeidingsbeginsel na die gelykheidsbeginsel te beweeg.

NASIONALE PLAN VIR HOËR ONDERWYS

As ons kyk na die National Plan for Higher Education (2001), staan die volgende aspekte uit:

1 Die plan verskaf die raamwerk en meganismes vir die herstrukturering van die hele hoër onderwysstelsel om die doelwitte van transformasie te bereik.

2 Die nasionale plan gee aanduidings vir groei en inname-syfers, sowel as gelykheids- (equity) en doeltreffendheidsdoelwitte.

3 Dit stel verder voor dat die deelnamepersentasie aan hoër onderwys verhoog moet word van 15% tot 20% oor die lang termyn om gelykheid te bevorder en die behoeftes van die arbeidsmark te bevredig.

4 Omrede hierdie doelwit van 20% nie oor die kort termyn bereik kan word nie, stel die plan voor dat die onderwys meer effektief moet wees, en word hoër slaagpersentasies vereis. Die plan bepaal daarom wat die slaagpersentasies (uitsette) moet wees. Om hierdie doel te bereik, beveel die plan aan dat spesiale ontwikkelingsprogramme befonds moet word as 'n integrale deel van die befondsingformule.

5 Die Nasionale plan beveel verder aan dat die deelnamepersentasie aan hoër onderwys ook verhoog moet word deur werkers, ouer persone, gestremdes, vroue en studente van die SADC lande (Suider Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap) groter toegang tot tersiêre instellings te gee.

6 Van die tersiêre instellings word verwag om in die programme waar veral swart studente onderverteenwoordig is en 'n hoër uitvalsyfer het, strategieë in plek te kry om gelykheid in die uitkomste te bewerkstellig.

7 Dringende aandag moet daaraan gegee word om gelykheid in die akademiese personeel te bewerkstellig, veral ten opsigte van dames en swartes. Spesifieke doelwitte word hier gestel. Om hierdie doelwitte te bereik, word instellings aangemoedig om swart en vroulike akademici uit ander Afrika-lande te werf.

8 Die Ministerie stel voor dat Unisa, Technikon Suid-Afrika en die afstandsonderrigsentrum by Vista gekonsolideer moet word. Ander rasionalisasievoorstelle word ook gemaak.

Bogenoemde voorstelle is maar enkele van die vele wat in die dokument gemaak word. Die voorstelle kan uit verskeie perspektiewe beoordeel word. Die mees algemene vraag is egter: wat gaan die invloed op standaarde wees? Daar behoort begrip te wees vir voorstelle van rasionalisasie tussen al die verskillende tersiêre instellings soos ontwikkel in die vorige bedeling, wat nie lewensvatbaar en ook nie koste-

effektief is nie. Die strewe om studente uit onderwysbenadeelde gemeenskappe die voorreg van tersiêre opleiding te gee moet verwelkom word.

In die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys sien ons, net soos by die vorige bedeling, 'n onaanvaarbare hoë mate van inmenging deur die owerheid in die tersiêre stelsel wat altyd negatief is omrede dit sterk ideologies gedrewe is en akademiese vryheid maklik in gedrang bring. Die owerheid het hoogstens 'n regulerende taak ten opsigte van die onderwysstelsel.

Wat kan ons oor die volgende paar jaar in die hoër onderwysinstellings verwag? Dit is baie duidelik dat transformasie na alle aspekte van alle instellings vir hoër onderwys deurgevoer gaan word, wat die instellings gaan transformeer na die ideologie van absolute gelykheid. Die aanstellings op die raad van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is 'n voorbeeld hiervan.

SKOOLVLAK

Wat op tersiêre vlak gebeur is ook besig om op skoolvlak te gebeur - die werkswyse verskil net. Die doel is egter dieselfde, naamlik die transformasie van alle instellings. Alles wat eie was aan die vorige stelsel, word verander na die eise van die nuwe bedeling.

Om 'n indruk te verkry wat op hoërskoolvlak die stand van sake is, is 'n gesprek met drie hoofde van Afrikaanssprekende voormalige model C-skole in Pretoria gevoer.

Van die veranderings wat die afgelope tyd in die media bespreek is oor die aanstelling van personeel, aanstellings in die beheerliggame, beheer oor fondse, godsdiensstudies, verandering van name van skole wat verband hou met die argitekte van apartheid en ander sake, het nog niks formeel op hulle tafels beland nie. Hulle het dit ook maar in die media gelees! Die sinsnede wat telkens deur die onderskeie hoofde gebruik is, is: "tot op hierdie stadium". 'n Groot mate van onsekerheid is baie duidelik by die hoofde aanwesig.

Die gesprek is ten opsigte van die volgende temas gevoer: Bybelkunde en godsdiens op skool, aanstelling van personeel en beheerliggame.

BYBELKUNDE EN GODSDIENS OP SKOOL

Die eksamenvak Bybelkunde het feitlik in alle skole verdwyn. Die rede hiervoor is die geringe getal inskrywings wat dit nie meer koste-effektief maak nie. Waar daar groot druk op skole is om met beperkte hulpbronne die skole te bestuur, het talle vakke die afgelope aantal jare in die slag gebly.



Ook godsdiens as 'n nie-eksamenvak het by die meeste skole van die rooster verdwyn. Daar word nou oor die algemeen van buitepersone van die verskeie kerklike denominasies gebruik gemaak om die saalopening waar te neem of op 'n ander wyse godsdiensonderrig te gee (dit word sonder vergoeding gedoen). Die erns waarmee godsdiens op skool aangebied word, word grootliks bepaal deur die beheerliggaam en die hoof van die skool. Groot verskille word hier tussen die skole aangetref. Van die kant van die Departement van Onderwys word in hierdie verband tans geen druk op die skole uitgeoefen nie. Die problematiek om godsdiens in 'n staatskoolomgewing aan te bied, word besef.

Die vak godsdiensstudie is nie of nog nie deel van die leerplanne in die skole nie.

BEHEERLIGGAAM

Die verkiesing van die beheerliggaam is die verantwoordelikheid van die ouers onder toesig van die onderwysdepartement. Die lede word verkies deur 'n meerderheid van stemme nadat nominasies volgens bepaalde voorskrifte ontvang is. Tot op hede het die onderwysdepartement hierdie verkiesings so aanvaar. In sekere gevalle waar die beheerliggaam nie persone uit onderwysbenadeelde gemeenskappe ingesluit het nie, was daar navrae van die onderwysdepartement oor die samestelling.

AANSTELLING VAN PERSONEEL

Personeel word steeds deur die beheerliggaam aangestel. Streng reëls geld vir die aanstellingsprosedure, wat veral daarop gemik is om te voorkom dat geen onderskeid op grond van oortuiging, kleur of geloof getref word nie. Die skool word dus gesien as 'n neutrale terrein.

BEOORDELING VAN DIE ONDERWYSBELEID

Hoe beoordeel ons as Christene en Gereformeerdes die onderwyssituasie in ons land? 'n Groot gevaar is om dit te doen met 'n regse politieke ingesteldheid wat hunker na die ou apartheidsbedeling en alle verandering as negatief ervaar. 'n Ewe groot gevaar is om alle veranderings in die nuwe bedeling toe te juig.

Die onderwysbeleid kan uit verskeie gesigspunte beoordeel word, byvoorbeeld standaarde, die koste van die onderwys, die effektiwiteit daarvan, die handhawing van bepaalde tradisies en nog vele meer. As Christene sal ons egter in die beoordeling van 'n onderwysbeleid by die gees en rigting daarvan begin, maar sal onmiddellik byvoeg dat die ander aspekte nie onbelangrik of van 'n laer orde is nie.
Die beginsel van absolute gelykheid kan oor die langer termyn in staatskole tot niks anders as 'n "gelooflose" onderwys lei nie. Voorspraak vir 'n "gelooflose" onderwys word reeds deur 'n opvoedkundige soos dr Roux gedoen

(Beeld 15 Junie). Dr Roux ondersteun prof Asmal se voorstel van Godsdiensstudie as die enigste uitweg om godsdiens binne Kurrikulum 2005 te hanteer. In Godsdiensstudie word die verskillende godsdienste naas mekaar bestudeer, en dit is volgens dr Roux die beste wyse om die kinders voor te berei vir 'n multi-kulturele wêreld.

Hierdie gedagtes moet nie gesien word as 'n godsdienssloosheid nie, maar as 'n ander godsdiens in die plek van die Christelike – die sogenaamde multi-religieusiteit of veelgodsdienstigheid. 'n Basiese uitgangspunt van veelgodsdienstigheid is dat die waarheid nie by een godsdiens te vinde is nie. Alle godsdienste word gesien as net 'n ander pad tot dieselfde bestemming.

In die vorige bedeling was dit veel-kerklikheid (sogenaamde drie susterkerke), tans is dit veelgodsdienstigheid, terwyl veelkerklikheid in sy breedste sin by die meeste tradisionele Afrikaanse skole aangetref word.

Soos in die vorige bedeling moet die oproep vandag aan alle Christen ouers bly uitgaan: dit is die verantwoordelikheid van ouers om die kinders wat hulle van die Here ontvang het en wat sy kinders is, in die vrees van die Here op te voed en te laat opvoed.

WIE BLY AGTER?

Ds. Rob Visser

RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

"Plaaslike televisiestasies van oor die hele wêreld doen verslag van vreemde gebeure, veral daar waar verdwynings gedurende die dag of vroegoggend plaasgevind het. CNN vertoon 'n video van 'n bruidegom wat verdwyn terwyl hy die ring aan sy bruid se vinger steek. 'n Begrafnisondernemer in Australië rapporteer dat feitlik elke begrafnisganger verdwyn het by 'n spesifieke begrafnisdiens, selfs ook die lyk, terwyl by 'n ander diens, om ongeveer dieselfde tyd, net 'n paar verdwyn en die lyk agtergebly het. Lykshuise het ook laat weet van lyke wat verdwyn het. By nog 'n begrafnis het drie van die ses draers gestruikel en die kis laat val toe die ander drie verdwyn. Toe hulle die kis weer optel, was dit ook leeg."

'N REEKS BOEKE

Hierdie aanhaling kom uit die boek "Hulle wat agterbly" (bl. 34) geskryf deur Tim LaHaya en Jerry Jenkins. Dit is die eerste deel van 'n reeks van nege boeke. Hierdie boeke het in Engels verskyn en daar is reeds meer as 30 miljoen eksemplare oor die wêreld verkoop. Die eerste deel van die Engelse uitgawe het in 1995 verskyn.

As 'n mens nou in boekwinkels kyk sien jy hierdie boeke oral lê. 'n Afrikaanse vertaling het verskyn en jy kan hulle in Christelike boekwinkels maar ook by PNA en CNA volop sien en koop. Hierdie boeke is goed geskryf. Dit vertel vir jou 'n boeiende verhaal. Nogtans is dié boeke meer as 'n roman wat net 'n verhaal wil vertel en ook meer as net 'n fantasieverhaal. Hierdie boeke, wat baie populêr is, is 'n propaganda vir die sogenoemde leer van die wegraping.

Hierdie boeke maak mense vertroud met die gedagte dat die Here Jesus op 'n sekere oomblik in die geskiedenis die gelowiges van die aarde sal weghaal. Die Here Jesus kom volgens hierdie teorie van die hemel af om die gelowiges te haal en die gelowiges wat al gesterf het sal dan 'n verheerlikte liggaam ontvang. Die gelowiges tot daardie oomblik is dan met hulle verheerlikte liggame in die hemel. Dit sal so wees totdat die Here Jesus vir die tweede keer van hemel afkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Hierdie boeke propageer byvoorbeeld ook dat daar vir Israel in die tyd na die wegraping 'n baie besondere plek en taak sal wees.

Ons leef in 'n tyd waar die onderskeidingsvermoë van baie mense min geword het. Mense wil Christene wees maar die kennis van die Woord het minder en minder geword. Dit beteken dat mense ook baie vatbaar geword het vir teorieë wat op 'n baie populêre manier na hulle toekom. Veral as dit lyk dat hierdie gedagtes vanuit die Bybel kom. Charismate verkondig die leer van die wegraping met krag en beroep hulle daarby op die Bybel.

Hoe staan ons teenoor hierdie gedagte as dit deur boeke wat goed en aansprekend geskryf is na ons toekom? Hoe praat ons met mense in ons omgewing wat entoesiasties oor hierdie boeke praat en vir die leer van die wegraping gewen is?

DIE KROONGETUIE

Aanhangers van die leer van die wegraping vind in die Nuwe Testament veral een teksgedeelte as die bewys daarvoor. Dit is 1 Thessalonisense 4:15-18 waar Paulus die volgende skryf:

> "Want dit sê ons vir julle deur die Woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor gaan nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die

Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."

Wys Paulus se woorde hier regtig op 'n wegraping? Sal hierdie teks regtig 'n kroongetuie vir die leer van die wegraping kan wees?

DIE WEDERKOMS VAN DIE HERE

Paulus skryf in vers 15 van die wederkoms van die Here. Dit beteken dat hy hier op een gebeurtenis wys. Dit gaan om die een enkele wederkoms waarvan die gelowiges weet. Christus se wederkoms is die gebeurtenis waarna hulle uitsien. Hierdie waarneming dat dit om die wederkoms gaan, is baie belangrik teenoor die mense wat van 'n wegraping praat. Hulle leer dat daar twee wederkomste van Christus sal wees. Die eerste een is om sy gemeente wat op die wêreld is, te kom haal en na die hemel te bring. 'n Ruk daarna sal die Here Jesus weer terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Die leer van twee wederkomste stry met wat ons in die Bybel lees en ook met wat ons in 1 Thess. 4:15-18 lees.

Die een wederkoms van die Here Jesus is as alle mense wat op aar-de geleef het Hom sal sien. Die Here Jesus keer dan nie onsig-baar terug nie. Dit is nie so dat net die gelowiges Hom dan sal sien nie. By Christus se wederkoms sal gebeur wat ons in Openbaring 1:8 lees: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het, en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"

Hier is ook belangrik wat die Here Jesus in Johannes 5 vir ons sê. Dan wys Hy op die dag dat die dode uit die grafte sal opstaan. Hy wys hier duidelik daarop dat daar nie 'n dag kom waarop net gelowiges opstaan en met hulle liggame na Christus gaan nie. Op die dag van die opstanding gebeur baie meer. Ons lees naamlik in vers 28 en 29: "Moenie julle hieroor ver-wonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."

Die leer van die wegraping van die gemeente stry ook met hierdie woord van die Here Jesus.

DIE HERE TEGEMOET

Wat word nou daarmee bedoel dat die gelowiges die Here Jesus in die lug tegemoet gaan by sy wederkoms? Is dit tog nie 'n ondersteuning van die leer van die wegraping nie?



Die woord wat in vers 17 vir tegemoet gaan gebruik word, dui dikwels op dit wat mense doen as 'n belangrike persoon 'n amptelike besoek aan 'n stad kom bring. As 'n keiser, koning of 'n verteenwoordiger van hulle 'n stad kom besoek het, was dit in daardie dae gebruik dat die stadsmense hom buite die stad tegemoet gaan en hom begelei as hy die stad binnegaan. Dit was die manier om iemand wat belangrik is eer te bewys en te verwelkom.

Dit is die agtergrond waarteen ons die woorde moet lees. Die Here Jesus kom by sy wederkoms van die hemel af. Dan staan almal wat op aarde geleef het op. Die mense wat dan op die aarde leef verander. Die gelowiges van alle eeue vaar dan van die aarde op en ontmoet in die lug die Here Jesus. Hulle verwelkom hulle God en Redder en gaan dan saam met Hom na die aarde waar Hy dan almal sal oordeel en waar die aarde tot die nuwe aarde word.

WIE BLY AGTER?

Dit is nie so dat alle mense opvaar om die Here Jesus tegemoet te gaan nie. Die ongelowiges bly dan agter. Al die mense wat dan nog op die aarde is, sal bang wees. Jesus se terugkeer met die engele en die kerk van alle tye rondom Hom maak almal dan doodbang. Dit verklaar ook wat ons in Matheus 24:30 en Openbaring 1:7 lees:

Matt. 24:30: "En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid."

Openb. 1:7: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf." Die gelowiges van alle tye is al by die Here Jesus. Sy terugkeer is vir hulle groot vreugde. Hulle wat agtergebly het, kan nie anders as om rou te bedryf nie, want vir hulle beteken sy koms oordeel.

GEVOLGTREKKING

'n Rustige lees van wat in die Bybel staan, wys dat die leer van die wegraping 'n dwaalleer is. Laat boeke wat lekker lees en populêr is, ons nie by die hemelse leer weghaal nie. Dit is goed om jou met die toekoms besig te hou en jou daardeur te laat troos en waarsku, maar doen dit deur in alles voor die gesag van die Skrif te buig. Laat ons geen troos en krag soek in dinge wat die HERE nie gesê het nie of nie aan ons geopenbaar het nie.

DIE TEKENS VAN DIE TYE – WAT MAAK ONS DAARMEE? (1)

Ds. C Kleijn

LEER VAN DIE SKRIF

Wat is die tekens van die tye? Is dit tekens wat onmiddellik voor Christus se wederkoms sal plaasvind? Moet ons dink aan buitengewone, katastrofale en opsienbarende gebeurtenisse wat wys dat dit nou werklik die einde is? Wat is die doel van die tekens? Wat maak ons daarmee? Op die vrouesaamtrekdag te Johannesburg op 12 Mei 2001 het ek die voorreg gehad om 'n referaat oor hierdie onderwerp te hou. In die volgende twee uitgawes van Kompas wil ons hierdie onderwerp van nader bekyk.

Deur die eeue heen het mense uitgekyk na tekens wat die wederkoms van Jesus Christus sou aanwys. In die Nuwe Testament hoor ons reeds die vraag na die teken van Christus se koms. Dit na aanleiding van 'n opmerking van Jesus oor die verwoesting van die tempel. "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matt. 24:3).

Waar dink ons aan as ons oor die tekens van die tye praat? Dikwels word inderdaad gedink aan tekens wat onmiddellik voor Christus se wederkoms sal plaasvind, katastrofale en opsienbarende gebeurtenisse. Mense is geneig om te dink dat buitengewone omstandighede die periode voor Christus se wederkoms sal kenmerk. Oorloë, aardbewings, groot tekens en wonders, die optrede van die antichris.

Tog waarsku die Bybel uitdruklik teen hierdie identifikasie. In Luk. 17:20,21 sê Christus: "Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle." Ons moet ook onthou dat die valse profete (Matt. 24:24) en die mens van sonde (2 Thess. 2) en die dier uit die aarde van Openbaring 13 (die valse profeet) baie sal verlei met groot tekens en wonders. Baie van die tekens van die tye verwys na gewone gebeurtenisse van hierdie Nuwe Testamentiese periode.

Bowendien leer die Skrif ons dat die groot massa die tekens van die tye nie sal raaksien nie. Soos in die dae waarin Noag die ark gebou het.Christus verwys daarna in Luk. 17:26,27: "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het." Mense sal dus gewoon met hul lewe en werk aangaan totdat Christus skielik voor hulle staan.

DIE DOEL VAN DIE TEKENS

Christus het die tekens nie gegee om die presiese datum van sy koms te bepaal nie. Ook nie om allerlei ontwikkelinge voor die dag te kan voorspel nie. Waartoe dien dan die tekens? Om ons te wys dat die huidige geskiedenis na die dag van die Here voortbeweeg. As aanwysings dat Christus aan die kom is, soos Hy belowe het. Om ons daaraan te herinner dat Hy aan Vader se regterhand sit, en dat Hy van daaruit ter wille van sy kerk regeer en die geskiedenis na sy bestemming lei. Eintlik is Christus self die groot teken van die tyd. Die fokus moet volkome op Hom gerig wees.

Dit is interessant om te sien dat die enigste plek in die Nuwe Testament waar die tekens van die tye letterlik genoem word, dit 'n verwysing na Jesus Christus is. In Matt. 16:1 vra die Fariseërs en Sadduseërs vir die Here Jesus om hulle 'n teken uit die hemel te wys. Daarop antwoord Jesus: "Julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie?" Daarmee verwys Jesus na sy werke wat bevestig dat Jesus die beloofde Messias is. Dade soos genoem in Matt. 11:5: "Blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig." Jesus Christus is die groot teken van die Messiaanse tyd. In Hom sien ons God se beslissende ingryping tot verlossing van sy volk. Die hele toekoms lê dan in die verlengde van die beslissende optrede van Jesus Christus in die volheid van die tyd, sy dood en opstanding, sy hemelvaart en die uitstorting van sy Gees.

Wat is dan die funksie van die tekens van die tye? Om ons te wys na Jesus Christus wat aktief besig is om sy koninkryk te vestig en sy verlossingswerk te voltooi. Die hoogtepunt van die bekende hoofstuk oor Christus se koms (Matt. 24) is die oproep om waaksaam te wees. Christus spoor sy leerlinge aan om hulle nie in verwarring te laat bring deur allerlei geluide aangaande die laaste dae nie. So beantwoord Jesus die vraag om 'n teken. Hy temper die ongeduld en laat sien waaroor dit werklik gaan in die toekomsverwagting: geen opsienbarende beskrywing van die scenario van die toekoms nie, maar geloofsvolharding en waaksaamheid. Die tekens sê ons nie soseer wanneer die Here kom nie, maar dat Hy kom.

DIE TEKENS VAN MATTHÉUS 24

Oor watter tekens praat ons? Matt. 24 noem verskeie tekens. Wat ons by Matt. 24 egter moet onthou, is dat 'n groot gedeelte van die hoofstuk handel oor die ondergang van Jerusalem en sy tempel. Die dissipels vra: "Wanneer sal hierdie dinge (die verwoesting van stad en tempel) wees en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" Hulle vra dus na drie dinge: die wanneer van die verwoesting van die tempel, die teken van Christus se koms, en die teken van die voleinding van die wêreld. Volgens die verklaring van ds S Braaksma en ds Tj Boersma handel die eerste gedeelte van Matt. 24, naamlik die verse 4-14, oor die ondergang

van Jerusalem. Die verse 15-28 sou dan 'n beantwoording wees van die dissipels se tweede vraag, naamlik wat is die teken van u koms? Daarby sou dit dan gaan oor Jesus se koms om Jerusalem te oordeel. Eers in vers 29 sou dit gaan oor die voleinding van die wêreld.

Indien ons die hoofstuk so moet verstaan, dan sou die tekens wat in die verse 6 tot 27 genoem word, nie direk op Christus se wederkoms betrekking het nie. Dit is die bekende woorde oor valse christusse, oorloë en gerugte van oorloë, hongersnode, aardbewings ens. Dit sluit selfs in die woorde oor die evangelie wat eers in die hele wêreld verkondig moet word (vers 14) en die teken van die groot verdrukking in vers 21.

Beteken dit dan dat al die tekens wat ons nog altyd aangeneem het as tekens van Christus se wederkoms skielik vir ons geen tekens meer sou wees nie? Nee! Ook al sou die verklaring van Matt. 24 juis wees, dan is die res van die Skrif duidelik genoeg oor vergelykbare tekens wat na Christus se wederkoms verwys. Bowendien mag ons die dinge wat as tekens van die verwoesting van Jerusalem genoem word, ook as tipes beskou van die tekens wat daarna gaan gebeur. Daar loop 'n regte lyn van die val van Jerusalem na die wederkoms van Christus. Daarom lees ons in vers 29: "En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word en die maan sal sy glans nie gee nie en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word." So word die dag van die Here oor Jerusalem en die allerlaaste dag van die Here nou aan mekaar verbind. Jerusalem se ondergang lui die groot wêreld-katestrofe in. Hoewel dit sal blyk dat gebeurtenisse baie eeue van mekaar geskei is. Christus sien hulle in een perspektief: dis dieselfde gerig van God wat in die jaar 70 na Christus oor Jerusalem kom as wat oor die afvallige wêreld sal kom by Christus se wederkoms.

Dit is wat ons die profetiese perspektief noem. Ons sien dit dikwels in die Ou Testamentiese profesieë wanneer dit gaan oor die toekoms. In een beeld word die toekoms geskilder. Gebeurtenisse wat in tyd ver uitmekaar lê, word onmiddellik agter of langs mekaar geplaas. Soos by 'n tekening van 'n vergesig: 'n berg wat in werklikheid ver weg is, lyk onmiddellik agter die bome en geboue op die voorgrond te lê. So het die profete die eerste en tweede koms van Christus dikwels in een beeld in mekaar geskuif. Dit lyk asof Jesus Christus dieselfde doen in Matt. 24. So het die tekens wat daar genoem word nie slegs betrekking op Christus se oordeel oor Jerusalem nie. Baie van hulle verwys ook na Christus se wederkoms. Ons moet daarom ook let op die tekens wat die Here hier vir ons noem.

FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, Villieria
Pretoria, 0186 Suid-Afrika

Tel 012-329 0031
Faks 012-329 5927

Engelse boeke:

RONGEN, G van: Decently and in Good Order Commentary on the Church Order of Dordrecht, as revised by the 1994 Synod of the Free Reformed Churches of Australia. R39

BOUWMAN, C (Rev of the Free Reformed Church of Kelmscott, Western Australie): Notes on the Belgic Confession R57,50

BOUWMAN, C: Notes on the Canons of Dort R57,50 …This publication is the result of a Post-Confession class I was privileged to teach in the Free Reformed Church of *Kelmscott* in the course of 1997. As in a previous course on the Belgic Confession one of my students very capably put my spoken words to paper in a clear and readable fashion.
…Finally, I mention that these notes are precisely that: notes on the Canons of Dort. Though I have attempted to be accurate in explaining this Confession of the Church, I am well aware of the limitations of this publication. Still, its is my fervent hope and prayer that the Lord will use these notes both to comfort His people and to cause a better understanding of His wonderful promises. May His name receive the glory, now and forever!

STAM, Cl: Building the church of God - God's work through Nehemia. R82,75. 13 Sermons on the Book of Nehemia – a prophet, a man of God, who turned to Him in prayer whenever troubles arose, and a church builder. In this book, Rev Clarence Stam, pastor of Cornerstone Canadian Reformed Church at Hamilton, shows how God faithfully continued His church-gathering work through Nehemiah, the church builder. It is comprised of thirteen sermons, with each one vividly illustrating Rev Stam's unique insight into God's Word.



FEENSTRA, PG: Unspeakable Comfort – a commentary on the Canons of Dort. R70,10 This book explains the Reformed doctrines which are often referred to by the acronym TULIP:
- Total depravity
- Unconditional election
- Limited atonement
- Invicible grace
- Perseverance of the saints

Rev Feenstra is presently minister of the Owen Sound Canadian Reformed Church, Ontario. He also served as minister of Emmanuel Canadian Reformed Church at Guelph for six years.

DOUMA, J: The Ten Commandments – Manual for the Christian Life (Transl. By Neldon D Kloosterman) R230

GODSDIENS OP KOMMANDO

Dr. JW Meijer

GESKIEDENIS

'n Oorlog verloor baie vinnig sy romantiek vir wie daadwerklik betrokke raak. Die nabyheid van die dood, die kans op verminking, die onsekerheid oor die toekoms is alles sake wat 'n mens ten diepste raak. Die geloofslewe word ook deur die oorlog beïnvloed. Vir die een persoon kan dit aanleiding wees tot verdieping en besinning, vir 'n ander is dit aanleiding om afskeid van God te neem. Met name die talle dagboeke wat gedurende die oorlog bygehou is, lê herhaaldelik getuienis af van die invloed van die oorlog op die geestelike lewe.

EREDIENSTE

Indien dit enigsins moontlik was, is daar op Sondae eredienste gehou.Wanneer 'n predikant aanwesig was, het hy uiteraard voorgegaan.Gedurende die eerste fase van die oorlog waartydens Ladysmith, Mafikeng en Kimberley omsingel en die langgerekte Tugelalinie verdedig is, was dit nie altyd moontlik om die burgers op sentrale plekke vir kerkdienste te versamel nie. Daar is op talle plekke deur klein groepies burgers dienste gehou. 'n Offisier, 'n ouderling of 'n gerespekteerde burger het die diens gelei en 'n preek gelees.

Dit was 'n situasie wat nie so vreemd was nie. Baie bewoners van die platteland was daaraan gewoond dat hulle vanweë die afstande maar selde Sondae kerk toe kon gaan. Op die plase is ook familiedienste gehou, 'n gewoonte wat op kommando eenvoudig voortgesit is.

Daar was dus preekbundels beskikbaar wat ook tuis gebruik is. Die Nederlandse taal van die plaaslike predikante was goed verstaanbaar en leesbaar. 'n Ouderling wat probeer het om 'n preek van dr A Kuyper te lees, het egter merkbaar gesukkel. Voor die uitbreek van die oorlog is daar reeds begin met die vertaling en publikasie van preke van Spurgeon. CH Spurgeon was 'n beroemde Britse Baptiste prediker met streng ortodokse opvattings, wat soms die laaste van die Puriteine genoem is. Sy preke was besonder gelief en is veelvuldig gelees.

Wanneer 'n predikant aanwesig was, is ook die sakramente bedien. Dit was gewoonlik die Nagmaalviering, maar in die vrouelaers het die doopsbediening ook soms plaasgevind. Wanneer die betrokke persone geen lidmate van die kerk van die aanwesige leraar was nie, is die sakramente bedien na oorleg met en met (skriftelike) instemming van 'n ouderling van die betrokke lidmaat se kerk.

Die besondere omstandighede tydens die oorlog het die onderlinge verskille tussen die onderskeie kerke laat uitslyt. Daar is dan ook herhaaldelik 'n behoefte uitgespreek dat die eenheid wat op kommando ervaar is, ook na die oorlog wesenlik gestalte sou moet kry.

Hoewel die bywoning van die Sondagse dienste nie 'n verpligting was nie, was daar wel 'n sterk groeps- en familiedruk in dié verband. Tog is daar klagtes oor swak bywoning. Die toestand het ook sterk van kommando tot kommando verskil. Die houding en oortuiging van die generaal of kommandant het 'n rol gespeel, asook die huislike gewoontes van die burgers. Daarby het die verskille tussen die platteland en die dorpe openbaar begin word.

HUISGODSDIENS

Soos daar voortgebou is op 'n tradisie om Sondae tuis leesdienste te belê, is ook die daaglikse huisgodsdiens op kommando voortgesit. Aangesien die burgers van een wyk of distrik aanvanklik in dieselfde veldkornetskap en kommando gedien het, was daar baie familiegroepe en bure asook lidmate van dieselfde gemeentes naby mekaar. Die daaglikse huisgodsdiens het hierdie indeling gevolg en daar is in een laer op dieselfde tyd op baie plekke vergader.

Soos gebruiklik het die huisgodsdiens bestaan uit Skriflesing, gebed en gesang. Daar is baie gesange gesing, veral die sangbundel "De Kinderharp" - 'n nie offisiële gesangboek van die NGK - was baie geliefd. In hierdie bundel was daar baie vertaalde liedere van Sankey en Moody uit die Amerikaanse opwekkingsbeweging opgeneem. Die sang was volgens talle getuienisse dikwels 'n pyniging om aan te hoor. Dit is luidkeels en met lange uithale gedoen en dit het die skyn gewek dat die een groep die ander daarmee wou oorstem. Burgers wat nie aan die huisgodsdiens deelgeneem het nie, was dikwels geïrriteer oor die rusversteuring en het dan gepoog om die skreeuers met kluite stil te maak.

SPESIALE DIENSTE

Dit het goed by die godsdiensbelewing van die meerderheid burgers ingepas om ter geleentheid van besondere gebeurtenisse spesiale dienste of byeenkomste te hou. Dit kon wees ter geleentheid van 'n oorwinning of by dreigende gevare. Met name in die guerrillafase van die oorlog, waartydens die dreiging vir die burgers te velde en die leed in die konsentrasiekampe groot was, is daar dikwels besondere byeenkomste beplan. Hierdie dank- en bidure was partykeer plaaslik van aard, maar daar was ook pogings om landswyd byeenkomste te hou. In sommige kommando's is weekliks bidure gereël.

Dan was daar natuurlik ook die reeds gebruiklike besondere dae wat hulle tydens kommandodiens probeer nakom het. Hier kan in die besonder gedink word aan Pinksterbidure en Kersfeesvieringe. Tydens die oorlog het by sommige kommando's ook die Dingaansdagvieringe 'n verandering ondergaan en 'n meer godsdienstige karakter gekry.

GODSDIENSSIN

Daar was 'n groot verskil in die

godsdiensbelewing tussen die verskillende kommando's. Dit het algaande veroorsaak dat burgers wat hulle in die een kommando nie tuis gevoel het nie, by 'n ander kommando aangesluit het. Hierdie ontwikkeling het die onderlinge verskille versterk.

Die kommando's onder bevel van generaals Beyers en Kemp, wat veral in die noordelike dele van Transvaal geopereer het, het bekend gestaan vir hulle streng godsdienssin. Beyers en Kemp het weekliks met hulle offisiere bidure gehou waarby die tekortkomings in die geestelike lewe onder die burgers bespreek is en maatreëls ter verbetering oorweeg is. Hierdie streng godsdienstige karakter was vir sommige skrywers aanleiding om 'n vergelyking te tref tussen die Boerekommando's en die 'Ironsides', die leër van Oliver Cromwell uit die 17e eeu.

Die houding van die bevelvoerende offisiere was in hierdie opsig van groot betekenis. Onder hulle vind ons, soos onder die burgers, alle variasies van godsdienssin van byna oorgodsdienstigheid (Beyers en Kemp) tot nouliks verborge onverskilligheid (Viljoen).

VERVELING

Kommandodiens kan, hoe vreemd dit ook mag klink, aanleiding gee tot verveling. Tydens die eerste fase van die oorlog was daar die geesdodende afwagting aan die Tugela of die al ewe vervelige omsingeling van dorpe. Tydens die laaste fase van die oorlog het die lewe bestaan uit veg-en-vlug aanvalle en die daaglikse sorg om kos, klere en ammunisie in die hande te kry.

Offisiere het gepoog om meer afwisseling in die eentonige bestaan te skep. Godsdienstige byeenkomste was een van die hulpmiddels wat daartoe aangewend is. Af en toe is daar boeresport gereël en wedstryde gehou. Die voorbereiding daarvan en die dag self het die verveling effektief bestry. Ons lees selfs van konserte wat gereël is ter geleentheid van feesdae soos Kersfees. Sangkore is ook gevorm, wat waarskynlik 'n beter geluidskwaliteit gehad het as die sang tydens die huisgodsdiens, want daar is oor en weer voor gehore opgetree.

VORMEDIENS

Uit die oorlogsdagboeke van gelowige skrywers wat nie net gebeurtenisse noteer nie, maar ook die lewe en dade van mense probeer evalueer het, kom dikwels klagte van oppervlakkigheid na vore. Die eredienste mag dan bygewoon word en die huisgodsdiens en bidure voortgaan, maar daar word min vrugte gesien. Hoewel daar 'n Christelike vertoon is, is dit dikwels slegs vormediens, so lui die klag wat meer as een keer gelees word.

Dit is baie moeilik om die klagte na waarde te skat. In die godsdienslewe van die burgers het dikwels sterk piëtistiese elemente na vore gekom. Wanneer die behoefte aan vroomheidservaringe 'n maatstaf word waarmee die geestelike lewe van 'n ander persoon gemeet word, sal baie opregte gelowiges wat dalk minder hul hart op die mou gedra het, veroordeel word. Die preke van Spurgeon het in hierdie opsig dalk ook bygedra om 'n harde oordeel uit te spreek.

Dit is heeltemal anders wanneer daar aanwysbaar 'n verskil tussen lewenswandel en geloofsoortuiging aanwesig is. Wangedrag en 'n gebrek aan dissipline het herhaaldelik voorgekom. Diefstal, plundering, leuenagtigheid en drankmisbruik was dalk nie algemeen nie, maar daar het 'n hele aantal voorvalle van die aard plaasgevind. Losbandigheid is tereg uitgewys as in teenstelling met die Christelike norme. Die klag dat daar nie voldoende hoorbare en sigbare verandering in lewenstyl gevind is nie, het dus wel enige grond gehad. Origens is dit 'n verskynsel wat nie net onder oorlogstoestande plaasvind nie.

ONVERSKILLIGHEID

Van blote vormediens na openlike onverskilligheid is in wese 'n klein oorgang, maar in 'n samelewing waarin kerk en godsdiens 'n belangrike rol speel, is dit 'n stap van groot betekenis. In sulke omstandighede is daar baie sake wat mense daarvan weerhou om hulle innerlike onverskilligheid uit te spreek en uit te leef. Tog sal dit by tye openbaar word.

Daar is duidelike voorbeelde van openlike onverskilligheid. Een dagboekskrywer vertel van 'n burger wat sonder enige aarseling bladsye uit 'n Bybeltjie as sigaretpapier gebruik en dan boonop verklaar dat hy darem die boek Openbaringe geniet.

Burgers in gebed, met die sambrele wat so vele van hulle op kommando saamgeneem het vir skaduwee (Foto: Die ABO 1899-1902)

Uit opmerkings en optrede van generaal Viljoen word duidelik dat ook by hom ’n groot mate van onverskilligheid gelewe het. Hierdie element kom ook tot uiting in die manier waarop burgers dikwels met leuenagtige voorwendsels verlof gevra het. President Steyn het hulle in sulke gevalle oor meineed aangespreek.

Onverskilligheid kan ook tot uiting kom in dade van skynvroomheid wat lafhartigheid moet verberg. Ds J du Plessis het tydens ’n geveg burgers werkloos sien skuil agter klippe met die verskoning dat hulle Bybelstudie gedoen het. Hy het hulle met klippe verwilder en gedwing om hulle plig na te kom.

Generaal Kemp het op ’n soortgelyke voorval afgekom waarby burgers tydens ’n geveg biduur gehou het met die verskoning dat hulle soos Josua en Kaleb by die geveg met die Amelekiete vir Moses se hande moes versterk. Kemp het darem sy sambok gebruik om hulle te verwilder.

Hierdie voorvalle het ’n insidentele karakter en mag seer seker nie gebruik word om ’n algemene beeld te skets nie, maar aan die ander kant leer ons dit wel om ’n alte eensydige beeld van ’n soort Christelike volksleër te voorkom.

SABBATSRUS

Teenoor uitermatige vroomheid is alles al gou onverskilligheid. Dit kom onder andere tot uiting in’n oordrewe wettisistiese drang na Sondagsheiliging, liefs Sabbatsrus genoem. So kla Jan FE Celliers dat hy daaroor aangespreek is dat hy op ’n Sondag ’n deuntjie gefluit het. Nog erger was dat hy op ’n Sondag die verveling met houtsnywerk probeer verdrywe het. Dat hy hom toe ook nog ’n slag raaksny is duidelik as ’n Godsoordeel gesien. Hy vra hom origens wel af hoe hy dit moet vertolk dat een van die vrome burgers saans sy hand seer gemaak het toe hy ’n stuk hout op die vuur gegooi het. Gevegsoperasies op Sondae was uitsonderings maar het wel voorgekom. Generaal De Wet is op ’n Sondag aangeval in die beroemde geveg by Stormberg en het ook self eenmaal op Sondag ’n aanval gedoen. Generaal De la Rey het twee maal op Sondag ’n aanval op die Britse magte geloods, maar beide kere het die aanval misluk. Daarna het hy dit nie weer probeer nie.

Ook die beroemde en gevierde slag by Amajuba in die vryheidsoorlog van 1880-1881 het op ’n Sondag plaasgevind en by hierdie slag het die Boeremagte onder generaal Joubert die aanval geloods. Soos dikwels die geval is, blyk dat ons ook wat betref die godsdienstige lewe tydens die oorlog, baie versigtig moet wees met idealistiese swart-wit uitbeeldings. Die destydse samelewing was ook in dié opsig baie meer divers as wat dikwels aanvaar word.

ALTERNATIEWE ONDERWYS … ONS LAMMERS NA DIE SLAGPALE?

Ds. P Nel

PEILING

Waar Luther-hulle aan die begin van die Reformasie gestaan het, staan ons aan die einde daarvan en aan die begin van ‘n ander soort “herlewing”. Hierdie herlewing is nie reformasie nie, maar transformasie. Net oor die drumpel van die derde millennium ruk die winde van verandering reeds deur ons hare. Ons totale lewensruimte ruik skerp van die nuwe verf waarmee die verlede toegeverf word. Veranderinge moet en moes, maar laat die neonkleure ons nie verblind nie. In der waarheid is daar maar net twee paradigmas of denkmodelle waarin die skepsel homself kan begeef: vir Christus of teen Christus. Die Nuwe Era is niks nuuts nie, “alles wat is was al reeds” (Pred. 3:15a). By elke stasie waar die lewe stop, staan Satan met ‘n nuwe hoed op sy kop. Almal wat betrokke is by die onderwys van ons kinders sal dit in die besonder moet raaksien!

In ‘n boekie “Alternatiewe Onderwysmetodiek” werp die “Christene vir die Waarheid” (Privaatsak 250, Kranskop) die kollig op die nuwe onderwyshoed waarmee die Satan vir ons kinders “oppie stasie” staan en wag. Hulle wys dat ‘n nuwe gety onderwysmetodiek die sandkastele van die Westerse Christelike era geruisloos verdrink met misleidende “nuwe METODIEKE”:

“Volgens die boek van Bettie Edwards, ‘Drawing on the Right Side of the Brain’ …kinders moet gelei en geleer word om na ‘n veranderde bewussynstoestand … oor te skakel. Hulle leer dat die twee hemisfere van die brein totaal verskillend en onafhanklik van mekaar funksioneer. Dit kom kortliks daarop neer dat die linkerbrein die aktiewe, denkende vennoot in die bewussynsprosesse is, terwyl die regterbrein die passiewe vennoot uitmaak. Hierdie passiewe regterbrein is egter tot fenomenale denkprosesse in staat.

Om hierdie nuwe denkvermoeëns te benut, moet metodes gevind word om die regterbrein te aktiveer. Leerders moet poog om hulle wakker, aktiewe bewussyn (die sogenaamde linkerbrein) ‘af te skakel’ as voorvereiste om die regterbrein te aktiveer … kinders word geleer om ‘n spookgids (‘spirit guide’) te ontmoet. Miskien sal daar na hulle verwys word as jou ‘Hoër Self’ ... Edwards maak geen geheim daarvan dat die oorsprong hiervan in die Oosterse afgodery, meer spesifiek die Zen Boeddhisme, lê nie.

"New Age opvoeders soos Barbara Clark (in haar handleiding vir onderwysers 'Growing Up Gifted') haal gesofistikeerde teorieë oor regterhemisfeer breinnavorsing, Prigogene se evolusie van die heelal, en Pibram en Bohm se holografiese modelle van die realiteit, aan as feite. Deur dit te doen verkondig hulle dat die 'oeroue wyshede van die Chinese, Hindu, Egiptiese en ander eeu-oue leerstellinge' nou deur die wetenskap 'bevestig' word. Hulle wil dat die kinders 'begaafd' moet wees in 'intuïtiewe' (m.a.w. psigiese) gawes, wat volgens hulle diep in elke individu verskuil lê …

Holisme of globalisme … Dit is 'n siening van die heelal, beginnende by die wetenskaplike relatiwiteitsteorie van Einstein, wat dan verder gevoer word tot by Fritjof Capra se Taoïstiese partikel teorie …. Alles en almal is een. Dit beteken dat ook alle godsdienste een is. 'n Toepassing … in die klaskamer is: 'dat energie verhoog moet word waar insig verkry moet word … As daar vrees in een persoon is, sal die persoon verswak word; as een persoon negatiewe energie in die klaskamer inbring, sal die kinders verswak word; in die skool sal die liggaam van die skool verswak word.

Verheldering van waardes 'value clarification' … Die kind bespreek sy ouers se waardes in die groepsituasie; daarna word die norme en waardes van die kind en sy ouers belaglik gemaak, afgebreek en vernietig; vervolgens word nuwe humanistiese (of enige ander) norme vasgelê.

Bio-terugvoer (Biofeedback)… Daar is onderwysers dwarsoor die land wat met een of ander vorm van bio-terugvoer in hulle klaskamers speel … Deur 'n persoon aan 'n spesiaal ontwerpte monitor te koppel, kan mense leer om hulle outonome (onderbewuste) liggaamsfunksies te beheer, insluitende hartklop, veltemperatuur, ens. Dr Elmar Green en sy vrou noem bio-terugvoer 'die Joga van die Weste' . Suggestopedie … Deur gebruik te maak van joga, hipnose, outogenese, parapsigologie en drama … word veranderde bewussynstoestande gebruik in die leerproses, genesing en ontwikkeling … (Die) metode leer ... dat die menslike brein onbeperkte potensiaal het. Die klem is op onderbeklemtoning van foute en geen negatiewe kritiek nie.
Die grootste gevaar van hierdie metodes lê daarin dat dit werk … Ons moet erken dat die duiwel ook wonders kan doen."

Die boekie bespreek natuurlik veel meer, maar die beginsel is duidelik. Die bestaande Christelike verwysingsraam word met vlug-van-die-hand toertjies vervang deur die belofte dat die mens almagtig, alwetend en alomteenwoordig kan wees. Dit is die oudste leuen waarvan ons in die Bybel lees!!

[4] Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie
sterwe nie;[5] maar God weet dat as julle daarvan
eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal
wees deur goed en kwaad te ken. (Gen. 3:4 en 5)
[14] sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat
soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word
deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van
die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te
bring;[15] maar, terwyl ons in liefde die waarheid
betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is,
naamlik Christus, (Ef. 4:14-15)

"Gedwing om Gereformeerde standpunte te aanvaar"

Henria Stolper

ONDERHOUD

Tydens die afgelope sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke is die onafhanklike gemeente, wat hulself voorheen die Gereformeerde Christelike Kerk genoem het, na deeglike ondersoek, tot die kerkverband toegelaat. Leraar van die gemeente, ds PJ Retief, is opgevoed in die leer van die Sewendedag-Adventiste, maar het na veertig jaar Adventisme gekies vir die suiwer Gereformeerde leer. Ons stel hom graag self aan die woord.

Vertel ons asb. oor u ouerhuis en opvoeding.

Ek is in 1941 gebore en het op Fochville in die ou Wes-Transvaal grootgeword. My ouers het my streng volgens die leer van die Sewendedag-Adventiste (SDA) grootgemaak en 'n liefde vir die Skrif by my gekweek sowel as belangstelling vir vraagstukke rondom Bybel en Kerk. Vir my sekondêre skoolopleiding is ek na die kerkskool in Heidelberg gestuur. Dit was die Hoërskool Sedaven wat die privaat- en kosskool van die SDA was. By hierdie skool was die Bybel die belangrikste deel van die leerplan. Nadat ek gematrikuleer het, het ek by die SDA-kollege in Somerset-Wes gevorder-

de Bybelvakke bestudeer. In die jaar daarna het ek by Helderberg-Kollege my verder in die Skrif verdiep. Gedurende dié jaar het ek groter sekerheid ontvang en helderheid oor my toekomstige arbeid in die wingerd van die Here. Ek het gevolglik ingeskryf vir die vierjarige teologiese diploma kursus by Helderberg en ook by Unisa vir 'n graadkursus. Tydens my teologiese opleiding het ek soms debatte van die NGK se kweekskool bygewoon.

Het u tydens dié debatte die SDA se leerstellings begin bevraagteken?
Ek het reeds as laerskoolkind bemerk dat die SDA se leerstellings nie in alles met die Evangelie rym nie. As gevolg van kontakte met Kinderkranskinders van die NGK is daar reeds vraagstukke in my hart geplant waarvoor ek toe nie die antwoorde geken het nie. Op hoërskool het ek onder my maats dikwels bepaalde vraagstukke bespreek en kritiese vrae gestel oor die belydenis van die Adventiste. Gedurende my finale jaar as teologiese student het ek op 'n ernstige probleem gestuit. Dit was i.v.m. die verklaring van Dan. 8:14. Ek het raakgesien dat die Adventiste fouteer in die uitleg van die teks. Die Adventiste beroem hulself in hul 'Goddelike' oorsprong wat hulle op hierdie profesie van Daniël fundeer. Die tweeduisend driehonderd dae word verklaar as profetiese jare. In 1844 was die tweeduisend driehonderd jare ten einde en het die Adventbeweging in die VSA sy beslag gekry. Volgens die opvatting het Jesus Christus ook eers in 1844 begin met sy 'finale versoening'.

Het u daarna toegetree tot die bediening in die SDA Kerk?
Ja, want die probleem rondom die uitleg van Dan. 8:14 het ontstaan toe ek op die punt gestaan het om tot die bediening toe te tree en ek het gereken dat hierdie vraagstukke mettertyd opgeklaar sou word. Na my studie was ek hulp- en medeleraar in Springs en Brakpan en werksaam in 'n evangelisasie veldtog. Gedurende die periode het ek so wat ek kan die Gereformeerde standpunte bestudeer met die aanvanklike doel om myself toe te rus vir ontmoetings met Gereformeerdes van die drie susterkerke. Ek het later met ywer voortgegaan om te studeer, maar toe was dit vir my eie sielsbegrip. Ek het kennis gemaak met veral die NGB 15,16,19 en die Dordtse Leerreëls hfst. 1.

Gedurende 1973 het ek 'n uitbreidingskool bygewoon by die Helderberg-Kollege met die oog op 'n meestersgraad. Daar het die Here my laat besef dat die Adventiste se Christologie totaal foutief is en 'n uiterste dwaling is deurdat hulle beweer dat Jesus Christus 'n sondige menslike natuur gehad het. Die SDA beweer dat die mens deur die voorbeeld van Christus gered word en nie deur sy verdienste of meriete aan die kruis nie. Verder dat die mens sondeloosheid moet en kan bereik. God vergewe net jou sonde nadat jy self die oorwinning daaroor behaal het. Die SDA het ook 'n vreemde en ongeldige beskouing oor die eindgebeure en die wederkoms. Vanaf 1974 –1981 het ek ook in verdere en diepere besonderhede die vraagstukke en strydpunte wat so deel van my teologiese toerusting tot op dié stadium was, bestudeer. Ek het gedurende my studie ruim gebruik gemaak van die drie Formuliere van Eenheid. Na bittere ervaring, persoonlike stryd en wedervarings, eindelose redenasies en onvermoeide studie is ek mettertyd deur die Heilige Gees gedwing om die Gereformeerde standpunte te aanvaar. Ek het met 'n vrygemaakte gemoed my verlustig in die Gereformeerde leer.

Hoe het die breuk met die SDA kerk ontstaan?
Gedurende 1974-1981 het ek die Gereformeerde leer in die SDA kerk verkondig. Op vergaderings en naweek byeenkomste het ek die nuutgevonde vreugde en bevryding met almal gedeel. Daar is teen my opgetree deurdat 'n ultimatum aan my gestel is en van my verwag is om elke preek deur die president van die 'kerk' te laat monitor. Dis toe dat ek besef het dat die einde van die pad van veertig jaar Adventisme aangebreek het.

Gedurende 1981 op die SDA se wêreldkonferensie, is daar aan mevrou White se geskrifte gelyke gesag met die Skrif toegedig. Ek het dit absoluut verwerp en op 17 Aug. '81 bedank as predikant. Dit was vir my duidelik dat Adventisme niks meer as 'n kultus is nie.

Hoe het u Gereformeerde pad daarna verloop?
Ek en my vrou het kategese ontvang by die NGK, Brenthurst, Brakpan. A.g.v. sekere vrysinnighede van die kerk het ons egter nie die vrymoedigheid gehad om by die NGK aan te sluit nie. Sake soos die nuwe 'vertaling' van 1983 en aspekte oor regverdigmaking deur die geloof het het op daardie stadium gehinder. Die ware Gereformeerde leer het my egter totaal verslaan oor alle teologiese kwessies en ek het my in my nuutgevonde oortuigings verheug en doen dit nog steeds elke dag.

Ons het na Heidelberg getrek en ek het verkoopswerk daar begin doen en ook aan verontruste SDA lidmate die Gereformeerde leer verkondig. Vanaf 1983 was ek vir vyf jaar as godsdiensonderwyser aan 'n hoërskool verbonde en in diens van die Onderwys Departement.

Toe die APK gestig is, het ons aansoek gedoen om lidmaatskap en ek het daarna deeltyds die Woordbediening in die APK Nigel behartig. 'n Jaar daarna het ek uit die onderwys bedank om die amp as oefenaar in Nigel te aanvaar, maar al die werk van 'n gelegitimeerde predikant verrig.

Gedurende die enkele jare in die APK het ek tot die besef gekom dat die kerkbegrip en kerkregering in die APK radikaal met my siening van die Skrif verskil. Ons het dit ook in die praktyk ervaar en deur bittere ondervinding uitgevind. Sodoende het die kerkraad en meer as eenhonderd en twintig lidmate wat hul verpligtinge in die gemeente nagekom het, besluit om uit die APK-verband te tree ten einde die Here volgens ons gewete en in die ware Gereformeerde leer en kerkbegrip te aanbid.

"Die Gereformeerde leer het my totaal verslaan oor alle teologiese kwessies en ek het my in my nuutgevonde oortuigings verheug en doen dit nog steeds elke dag!"

Sodoende is die Gereformeerde Christelike Kerk in 1991 gestig en is ek as leraar bevestig in die onafhanklike gemeente te Springs. Hierdie gemeente wil God se Woord suiwer bewaar en volledig Gereformeerd in leer en lewe wees. Ons kontak met die VGK het reeds sowat sewe jaar gelede begin en ons gemeente het in Oktober 2000 eenparig besluit om tot die VGK-verband toe te tree.

Hoe het u die eerste keer met die VGK kontak gemaak?
Ek was genooi na 'n ontbytete van die English Reformed Church en daar het ek vir ds Boessenkool ontmoet. Ons het kennis gemaak en later vriende geword. Aanvanklik het daar by ons 'n misverstand ontstaan ten aansien van die kerkorde wat deur die VGKSA gebruik word, maar tydens die Bethal-sinode het my seun, Mendel, vir my die eenvoudige oorspronklike kerkorde gewys wat deur die VGK gebruik word. Ons kerkraad en gemeente het hierdie kerkorde eenparig goedgekeur en aanvaar en besluit om aansoek te doen om in die VGK-verband opgeneem te word. As die kerkorde en belydenis dieselfde is, wat verhinder ons dan om hande te vat?

Daar was 'n aanval op u lewe waardeur u liggaamlik gestremd geraak het. Het dit enige effek op u werk as predikant?
In April 1989 het die moordaanslag op my plaasgevind toe daar probeer is om my met 'n tuinvurk te dood. In die proses is van my nekwerwels versplinter. Daar is dae lank gevrees vir my lewe, maar God wou nie hê dat ek die tuig moes neerlê nie. Hy het my sodanig herstel dat ek met my werk kan voortgaan. Ek kan nie maklik loop nie en dit bemoeilik my in my besoeke, maar my vrou bestuur die motor en help my waar sy kan en wat ek innig waardeer. Ek verwag my kragte van die Here en belewe dat ek juis deur my swakheid sterk is in Jesus Christus!

Wat beteken die opname in die VGK-verband vir die gemeente en vir u?
Die kontakte met die VGK het reeds vrugte afgewerp. Ten eerste wil ek die tweede erediens noem waartydens daar uit die Heidelbergse Kategismus (HK) gepreek word. Dit word deur baie as verrykend ervaar. Alhoewel nie alle lidmate die tweede erediens besoek nie, is ek oortuig dat toenemend meer mense die rykdom van God se Woord sal wil hoor. Bepaalde dogmatiese stellings wat in die verlede deur lidmate betwyfel is (soos die Ewolusionisme), word nou behandel wanneer daar op die HK gefokus word. Tweedens sing ons tans hoofsaaklik Psalms in ons eredienste, maar maak wel van sommige gesange gebruik. Ons sien vooruit na die eindproduk van die deputaatskap wat aandag hieraan gee.

Ds en Mev Retief

Vir myself was Sondag 19 Aug. '01 'n groot hoogtepunt. Ek het na tien jaar weer die eerste keer op die kansel voor 'n groot gemeente gestaan toe ek in die VGK Pretoria gepreek het. Verder is ek dankbaar dat ons in die VGK-verband opgeneem is omdat die gevaar van independentisme na tien jaar beslis 'n bedreiging kon wees.

Die gemeente van Springs se kerklike agtergrond is hoofsaaklik uit die NGK en dus anders as die meeste van die ander gemeentes in die VGK-verband. Dink u dat ons van ons tradisies moet laat vaar om by mekaar aan te pas?
Wanneer die kerkraad bepaalde besluite geneem het, moet ons daarby hou. Geleidelike aanpassings kan gemaak word soos bv. die sing van Psalms, Skrifberymings, aanvaarde gesange en die orde van die liturgie. Elke gemeente mag egter bepaalde gebruike laat bly wanneer dit nie in stryd is met God se Woord nie. Dit is baie maklik om in ou twispunte te verval, maar ons moet mekaar bly soek in die eenheid van die Skrif en belydenis en mekaar daaraan bind. Ons moet mekaar oproep om in alles trou te bly aan ons Hemelse Vader wat ons weë na mekaar toe gelei het en ons verwonder oor sy kerkvergaderende werk.

Hoe sien u die toekoms van die VGK?
Ek glo dat die VGK in die toekoms 'n integrale rol gaan speel t.o.v. die hergroepering onder alle ware gelowiges in SA. Ons het in die verlede reeds verskeie konferensies gehou met verontruste predikante en lidmate en dis vir ons moeilik om nou 'n infrastruktuur te skep. Die Here het vir ons die bestaande VGK-verband beskik omdat Hy reeds vooruit geweet het van die dilemma waarvoor die gelowiges in SA te staan sou kom. Dit sal 'n groot dag wees vir die evangelie in hierdie land wanneer al die opregte gelowiges kan hande vat, soos God dit van ons eis. In hierdie proses sal ons almal nog baie moet leer en bereid moet wees om 'n tweede myl te stap ter wille van die voortgang van die evangelie en tot die eer van God se Naam!

Die verskyning van die ‘Verzamelde Werken’ - ‘n Ereskuld aan wyle Prof Dr K Schilder

Ds. W Boessenkool

BOEKBESPREKING

Daar is nie meer baie mense wat KS, soos wat Prof. K Schilder altyd kortweg genoem is, nog persoonlik geken het nie. KS is op 23 Maart 1944 as hoogleraar en predikant deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland geskors. Hy het kort daarna aan die wieg van die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland gestaan. Nadat hy op 23 Maart 1952 oorlede is (dieselfde dag en maand as wat hy geskors is), is daar direk onderneem om sy werke in ‘n versameling uit te gee.

Daar het toe nege dele met preke, skrifoordenkings en artikels oor die kerk verskyn. Die uitgawe is daarna nie verder gevoer nie, omdat die firma wat die uitgawe versorg het, bankrot gegaan het. Dit het jare geneem voordat daar in 1992 ‘n nuwe poging onderneem is om al die geskrifte van KS onder die titel ‘Verzamelde Werken’ uit te gee. Ons kan dankbaar wees vir die stigting wat hierdie groot taak op hulle geneem het om die uitgawe die lig te laat sien.

Hierdie werke is nie rondom bepaalde temas saamgestel nie, maar in chronologiese volgorde. Die eerste deel dek publikasies oor die periode van 1940 tot 1941 en die tweede deel oor 1942 tot 1945. Waarskynlik het die derde deel, wat die periode 1946 tot 1948 dek, ook reeds verskyn. Die volledige uitgawe sal uit ongeveer 15 dele bestaan. Daar word beplan dat daar elke jaar een deel sal verskyn.

Hierdie uitgawe word deur die uitgewery De Vuurbaak in Barneveld, Nederland, versorg, maar ‘n bestelling kan by enige boekhandel in Nederland of Suid-Afrika geplaas word. A.g.v. die swak wisselkoers van die rand teenoor die Nederlandse gulden of euro is die boeke nie goedkoop nie, maar die inhoud daarvan sal elke leser opnuut die rykdom van die Skrif en ons Gereformeerde Belydenis laat insien.

DIE RYKDOM VAN HIERDIE WERKE

Hierdie werke verskyn nou vyftig jaar na KS se dood. Die vraag ontstaan waarom hierdie geskrifte so belangrik is dat dit weer uitgegee word. Dit is duidelik dat die Here aan KS wonderlike talente vir die verstaan van die Skrifte gegee het. KS het die heilshistoriese metode van Skrifuitleg voorgestaan, wat geheel verskil van die gangbare eksemplariese metode. Die heilshistoriese metode het daartoe bygedra dat die Heilige Skrif in die regte perspektief verstaan kon word. By die eksemplariese metode is mense soos Abraham, Dawid of Paulus slegs ons voorbeeld. Maar by die heilshistoriese metode gaan dit in die eerste plek oor wat die HERE doen tot voortsetting van sy werke in genade en gerigte.

KS het die teologiese denke van sy tyd goed deursien en skerp ontleed. As iemand bv. ‘n duidelike insig wil kry in die wese van die Barthianisme, dan is daar slegs twee mense, KS en Cornelius van Til in die VSA, wat hierdie kettery in sy wesentlike dwaling deursien het.

Maar ook as dit gaan om die wortels van die Nasionaal-Sosialisme, die Nazi ideologie, dan is dit KS wat in die eerste jaar van die Nederlandse besetting deur die Duitsers die volk wakker geskud het, met o.a. sy artikel: “Uit die skuilkelder, in die uniform!”

Dit het so opgeval, selfs by die Duitse besettende mag, dat hulle die weekblad “De Reformatie” verbied het en KS gevange geneem het.By sy vrylating in Desember 1940 het hulle hom uitdruklik verbied om enige publikasie te versorg. Selfs die Hervormde hoogleraar, KH Miskotte, het sy publikasies ‘n daad van dapperheid genoem.

As dit oor die wese van die kerk, oor sy eienskappe en kenmerke gaan, is daar ‘n lang reeks publikasies om die dwaalleer van die pluriformiteit te bestry. Ons sien vandag dat hierdie leer van die pluriformiteit as die regte leer aanvaar word. Volgens hierdie leer het elke ‘denominasie’ ‘n deel van die waarheid en saam moet ons na die waarheid soek. Die gevolg hiervan is dat jy in die kerk nooit kan bely dat die leer van die Ou- en Nuwe Testament, soos dit in die artikels van die Christelike geloof saamgevat is, die enigste en volkome leer van die saligheid is nie. Die leer van die pluriformiteit van die kerk lei ook tot die leer van die pluriformiteit van die waarheid.

KS gee in sy geskrifte ‘n duidelike uiteensetting van allerlei vraagstukke wat na vyftig jaar nog steeds aktueel is. Ons kan nog baie meer noem, maar die beste is om te luister na die opdrag wat Augustinus een keer gehoor het: ‘tolle lege’, neem en lees.

‘n ERESKULD

Die TV het al stilswyend sy plek in ons huisgesinne ingeneem. Maar die prys wat u per jaar aan u TV lisensie moet betaal is meer as wat een deel van hierdie ‘Verzamelde Werken’ kos. ‘n Beswaar teen hierdie publikasie mag wees dat die taal nogal oud-Nederlands is en dat dit moeite kos om jou aandag daarby te bepaal. Maar laat ek dit in perspektief stel. Toe ons in Suid-Afrika aangekom het, het ons ontdek dat rugby hier die gunsteling sport is. Wanneer ‘n mens as nuweling dan ‘n verslag van ‘n wedstryd lees of oor die radio hoor, weet jy glad nie wat ‘n skrum of ‘n driedruk is nie. Maar as jou kinders by die skool daaraan begin deelneem en jy as ouer ‘n keer gaan kyk, dan kry jy belangstelling daarvoor en wil jy meer van die spel weet. So sal dit ook by u die geval wees as u die werke van KS begin lees. Dit open perspektiewe. En dan word jy as ‘t ware hongerig gemaak om nog meer te lees.

Vir wie dit kan bekostig wil ek aanraai om op hierdie ‘Verzamelde Werken’ in te teken en dit te lees. Dit is ‘n ereskuld aan KS om ook hier in Suid-Afrika talle intekenaars te kry vir hierdie ‘Verzamelde Werken’. Immers deur hierdie uitgawe spreek KS nog nadat hy gesterf het.